

PROPERTY RATES**EIENDOMSBELASTING****TABLE OF CONTENTS****INHOUDSOPGAWE**

INTRODUCTION	4	INLEIDING	4
1. OBJECTIVES	5	1. DOELSTELLINGS	5
2. DEFINITIONS	5	2. WOORDOMSKRYWINGS	5
3. PURPOSE OF THE POLICY	17	3. DOEL VAN DIE BELEID	17
4. POLICY PRINCIPLES	19	4. BELEIDSBEGINSELS	19
5. CATEGORIES OF PROPERTY	20	5. KATEGORIEË VAN EIENDOM	20
6. CATEGORIES OF OWNERS	23	6. KATEGORIEË VAN EIENAARS	23
7. LIABILITY FOR RATES	23	7. AANSPREEKLIKHEID VIR BELASTING	23
8. DIFFERENTIAL RATES	26	8. DIFFERENSIËLE BELASTING	26
9. EXEMPTIONS, REBATES AND REDUCTIONS ON RATES AND PHASING-IN OF CERTAIN RATES	26	9. VRYSTELLINGS, KORTINGS EN VERMINDERINGS OP BELASTING EN INFASSERING VAN SEKERE BELASTINGTARIEWE	26
9.1 EXEMPTIONS	29	9.1 VRYSTELLINGS	29
9.2 REBATES	30	9.2 KORTINGS	30
9.3 REDUCTIONS	35	9.3 VERMINDERINGS	
9.4 PHASING-IN OF CERTAIN RATES	36		
10. RATE INCREASES	36		
11. MULTI PURPOSE PROPERTIES	36		
12. COSTS OF EXEMPTIONS, REBATES, REDUCTIONS AND PHASING-IN OF RATES			

	37		35
13. LOCAL, SOCIAL AND ECONOMIC DEVELOPMENT	38	9.4 INFASSERING VAN SEKERE BELASTINGTARIEWE	
14. REGISTER OF PROPERTIES	39		36
15. NOTIFICATION OF RATES	39	10. TARIEF VERHOGINGS	36
16. CORRECTION OF ERRORS AND OMISSIONS		11. MEERDOELIGE EIENDOMME	36
39		12. KOSTES VAN VRYSTELLINGS, KORTINGS, VERMINDERINGS EN INFASSERING VAN BELASTINGTARIEWE	37
17. FREQUENCY OF VALUATIONS	40		
18. SHORT TITLE	40	13. PLAASLIKE, MAATSKAPLIKE EN EKONOMIESE ONTWIKKELING	38
		14. REGISTER VAN EIENDOMME	39
		15. KENNISGEWING VAN BELASTING TARIEWE	39
		16. REGSTELLING VAN FOUTE EN WEGLATINGS	39
		17. FREKWENSIE VAN WAARDASIES	40
		18. KORT TITEL	40

GEORGE MUNICIPALITY

INTRODUCTION

Section 3(1) of the Local Government: Municipal Property Rates Act, 2004 (Act No 6 of 2004), and section 62(1)(f)(ii) of the Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (Act No 56 of 2003), provide that a municipality must adopt and implement a policy on the levying of rates on rateable property.

This document sets out the policy of the George Municipality on the levying of rates on rateable property in the municipality.

The rates policy must be reviewed annually in compliance with section 5(1) of the Local Government : Municipal Property Rates Act, 2004 (Act No 6 of 2004) and according to the time schedule tabled by the Executive Mayor in accordance with section 21(1)(b) of the Local Government : Municipal Finance Management Act, 2003 (Act No 56 of 2003). Any changes to the rates policy must be approved together with the annual budget in compliance with Section 24 of the Local Government : Municipal Finance Management Act, 2003 (Act No 56 of 2003).

The municipality must levy rates in accordance with the Local Government: Municipal Property Rates Act, 2004 (Act No 6 of 2004), the by-laws and the rates policy adopted by the municipal council.

GEORGE MUNISIPALITEIT

INLEIDING

Artikel 3(1) van die Wet op Plaaslike Regering: Eiendomsbelasting, 2004 (Wet Nr 6 van 2004), en artikel 62(1)(f)(ii) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet Nr 56 van 2003), maak daarvoor voorsiening dat 'n munisipaliteit 'n beleid moet aanneem en implementeer vir die heffing van belasting op belasbare eiendomme.

Hierdie dokument sit die beleid van die George Munisipaliteit met betrekking tot die heffing van belasting op belasbare eiendomme in die munisipaliteit uiteen.

Die eiendomsbelasting beleid moet jaarliks hersien word ten einde te voldoen aan artikel 5(1) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 (Wet Nr 6 van 2004) en in ooreenstemming met die tydskedule wat deur die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 21(1)(b) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet Nr 56 van 2003) ter tafel gelê word. Enige veranderinge aan die eiendomsbelasting beleid moet saam met die jaarlikse begroting goedgekeur word ten einde te voldoen aan Artikel 24 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet Nr 56 van 2003).

Die munisipaliteit moet eiendomsbelasting hef ooreenkomstig die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 (Wet Nr 6 van 2004), die verordeninge en die eiendomsbelasting beleid wat deur die munisipale raad aangeneem is.

1. OBJECTIVES

- (1) The objectives of this policy are to ensure that -
- (a) all ratepayers within a specific category are treated equally and reasonably;
 - (b) rates are levied in accordance with the market value of the property;
 - (c) the rate will be based on the value of all rateable property and the amount required by the municipality to balance the operational budget, taking into account any surpluses generated from municipal services and the amounts required to finance exemptions, reductions and rebates that the municipality may approve from time to time; and
 - (d) to optimally safeguard the income base of the municipality only by approving exemptions, reductions and rebates that are reasonable and affordable.

2. DEFINITIONS

- (1) In this policy, unless the context indicates otherwise-

“accommodation establishment” means a facility that provides for lettable accommodation on a regular basis;

1. DOELSTELLINGS

- (1) Die doelstellings van die beleid is om te verseker dat -
- (a) alle belastingbetalers binne 'n spesifieke kategorie gelykwaardig en redelik behandel word;
 - (b) belasting volgens die markwaarde van die eiendom gehef word;
 - (c) die belastingkoers gebaseer sal word op die waarde van alle belasbare eiendomme en die bedrag wat deur die munisipaliteit benodig word om die bedryfsbegroting te laat balanseer, inaggenome enige surplusse deur munisipale dienste voortgebring en die bedrae vereis om vrystellings, verminderings en kortings wat die munisipaliteit van tyd tot tyd mag goedkeur, te finansier; en
 - (d) om optimaal die inkomste basis van die munisipaliteit te beskerm deur slegs vrystellings, verminderings en kortings wat redelik en bekostigbaar is, goed te keur.

2. WOORDOMSKRYWINGS

- (1) In hierdie beleid, tensy uit die samehang andersins blyk, beteken -

“akkommodasie onderneming” 'n fasiliteit wat voorsiening maak vir verhuurbare akkommodasie op 'n gereelde basis;

<p>“agent”, in relation to the owner of a property, means a person appointed by the owner of the property-</p> <p>(a) to receive rental or other payments in respect of the property on behalf of the owner; or</p> <p>(b) to make payments in respect of the property on behalf of the owner;</p> <p>“agricultural purposes, in relation to the use of a property, means bona fide farming purposes, but excluding use of the property for eco-tourism or for the trading in or hunting of game, and "agriculture" shall have a corresponding meaning;</p> <p>“agricultural rebate”, a rebate granted in respect of agricultural properties which are solely used for agricultural purposes;</p> <p>“annually” means once every financial year;</p> <p>“business”, in relation to property, means the use of property for the activity of buying, selling or trading in commodities or services on or from a property and includes any office or other accommodation on the property, the use of which is incidental to such activity, but does not include the business of agriculture, farming, or any other activity consisting of the cultivation of soils, the gathering in of crops, the rearing of livestock and the like;</p> <p>“category” –</p> <p>(a) in relation to property, means a category of property determined in terms of section 8 of the Act; and</p> <p>(b) in relation to owners of property, means a category of owners determined in terms of section 15(2) of the Act;</p>	<p>“agent”, met betrekking tot die eienaar van ‘n eiendom, die persoon deur die eienaar van die eiendom aangestel-</p> <p>(a) om huur of ander betalings ten opsigte van die eiendom namens die eienaar te ontvang; of</p> <p>(b) om betalings ten opsigte van die eiendom namens die eienaar te maak;</p> <p>“landbou doeleindes, met betrekking tot die gebruik van ‘n eiendom, bona fide boerdery doeleindes, uitgesluit die gebruik van die eiendom vir eko-toerisme of vir handel dryf in of die jag van wild, en “landbou” sal ‘n ooreenstemmende betekenis hê;</p> <p>“landbou korting”, ‘n korting toegestaan ten opsigte van landbou eiendomme wat uitsluitlik vir landbou doeleindes aangewend word;</p> <p>“jaarliks” eenmaal elke finansiële jaar;</p> <p>“besigheid”, met betrekking tot eiendom, die gebruik van die eiendom vir die aktiwiteite van koop, verkoop of handel dryf in artikels of dienste op of vanaf ‘n eiendom en sluit in enige kantoor of ander akkommodasie op die eiendom, die gebruik waarvan bykomstig tot so ‘n aktiwiteit is, maar sluit nie in die besigheid van landbou, boerdery, of enige ander aktiwiteite bestaande uit die bewerking van grond, die insamel van oeste, die teel van lewende hawe of iets soortgelyk nie;</p> <p>“kategorie” –</p> <p>(a) met betrekking tot eiendom, ‘n kategorie van eiendom soos bepaal ingevolge artikel 8 van die Wet; en</p> <p>(b) met betrekking tot eenaars van eiendom, ‘n kategorie van eenaars soos bepaal ingevolge artikel 15(2) van die Wet;</p>
---	---

“effective date”-

- (a) in relation to a valuation roll, means the date on which the valuation roll takes effect in terms of section 32(1) of the Act; or
- (b) in relation to a supplementary valuation roll, means the date on which a supplementary valuation roll takes effect in terms of section 78(2)(b) of the Act;

“exclusion”, in relation to the municipality’s rating power, means a restriction of that power as provided for in section 17 of the Act;

“exemption”, in relation to the payment of a rate, means an exemption granted in terms of section 15 of the Act;

“financial year” with reference to the municipality means the period starting from 1 July in a year to 30 June of the next year and **“year”** shall have a corresponding meaning;

“illegal use”, means the use of a property in a manner that is inconsistent with or in contravention of the permitted use of the property;

“impermissible rates” means rates that are impermissible in terms of section 17 of the Act;

“improvement”, means any building or structure on or under a property, but excluding anything that may not be taken into account in determining the market value of a property;

“Income Tax Act”, means the Income Tax Act, 1962 (Act No 58 of 1962);

“aanvangsdatum”-

- (a) met betrekking tot ‘n waardasierol, die datum waarop die waardasierol ‘n aanvang neem kragtens artikel 32(1) van die Wet; of
- (b) met betrekking tot ‘n aanvullende waardasierol, die datum waarop die aanvullende waardasierol ‘n aanvang neem kragtens artikel 78(2)(b) van die Wet;

“uitsluiting”, met betrekking tot die munisipaliteit se bevoegdheid om belasting te hef, ‘n beperking van daardie bevoegdheid soos bepaal in artikel 17 van die Wet;

“vrystelling”, met betrekking tot die betaling van eiendomsbelasting, ‘n vrystelling toegestaan kragtens artikel 15 van die Wet;

“finansiële jaar” met betrekking tot die munisipaliteit, die tydperk wat ‘n aanvang neem op 1 Julie in ‘n jaar tot 30 Junie van die daaropvolgende jaar en **“jaar”** sal ‘n ooreenstemmende betekenis hê;

“onwettige gebruik”, die gebruik van ‘n eiendom op ‘n wyse wat nie ooreenstemmend is aan of teenstrydig is met die toegelate gebruik van die eiendom;

“ontoelaatbare belasting”, eiendomsbelasting wat ontoelaatbaar is ingevolge artikel 17 van die Wet;

“verbetering”, enige gebou of struktuur op of onder ‘n eiendom, maar met uitsluiting van enigiets wat nie in berekening gebring mag word vir die vasstelling van die markwaarde van ‘n eiendom nie;

“die Inkomstebelastingwet”, die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet Nr 58 van 1962);

“**indigent person**”, means a person described as such in the municipality’s Indigent Policy;

“**industrial**”, in relation to property, means the use of a property for a branch of trade or manufacturing, production, assembly or processing of finished or partially finished products from raw materials or fabricated parts on such a large scale that capital and labour are significantly involved, including any office or other accommodation on the property, the use of which is incidental the use of such factory;

“**land reform beneficiary**”, in relation to a property, means a person who-

- (a) acquired the property through-
 - (i) the Provision of Land and Assistance Act, 1993 (Act No 126 of 1993); or
 - (ii) the Restitution of Land Rights Act, 1994 (Act No 22 of 1994);
- (b) holds the property subject to the Communal Property Associations Act, 1996 (Act No 28 of 1996); or
- (c) holds or acquires the property in terms of such other land tenure reform legislation as may pursuant to section 25(6) and (7) of the Constitution be enacted after this Act has taken effect;

“**land tenure right**”, means an old order right or a new order right as defined in section 1 of the Communal Land Rights Act, 2004 (Act No 11 of 2004);

“**local community**”, in relation to a municipality—

“**deernisgeval**”, ‘n persoon soos beskryf in die munisipaliteit se Deernisbeleid;

“**industrieel**”, met betrekking tot ‘n eiendom, die gebruik van ‘n eiendom vir ‘n vertakking van handel dryf of vervaardiging, produksie, montering of prosesering van voltooide of gedeeltelik voltooide produkte uit rou materiaal of vervaardigde onderdele op so ‘n groot skaal dat kapitaal en arbeid op ‘n betekenisvolle wyse betrokke is, insluitende enige kantoor of ander akkommodasie op die eiendom, waarvan die gebruik bykomstig tot die gebruik van so ‘n fabriek is;

“**grondhervorming begunstigde**”, met betrekking tot ‘n eiendom, ‘n persoon wie-

- (a) die eiendom bekom het deur-
 - (i) die Wet op die Beskikbaarstelling van Grond en Bystand, 1993 (Wet Nr 126 van 1993); of
 - (ii) die Wet op Herstel van Grondregte, 1994 (Wet Nr 22 van 1994);
- (b) die eiendom hou onderhewig aan die Wet op Verenigings vir Gemeenskaplike Eiendom, 1996 (Wet Nr 28 van 1996); of
- (c) die eiendom hou of verkry kragtens sodanige ander grondhervormingswetgewing as wat ingevolge artikel 25(6) en (7) van die Grondwet verorden word na inwerkingtrede van hierdie Wet;

“**grondbesitreg**”, beteken ‘n ou orde reg of ‘n nuwe orde reg soos omskryf in artikel 1 van die “Communal Land Rights Act”, 2004 (Wet Nr 11 van 2004);

“**plaaslike gemeenskap**”, met betrekking tot ‘n munisipaliteit—

- (a) means that body of persons comprising —
- (i) the residents of the municipality;
 - (ii) the ratepayers of the municipality;
 - (iii) any civic organisations and non-governmental, private sector or labour organisations or bodies which are involved in local affairs within the municipality; and
 - (iv) visitors and other people residing outside the municipality who, because of their presence in the municipality, make use of services or facilities provided by the municipality;
- (b) includes, more specifically, the poor and other disadvantaged sections of such body of persons;

“market value”, in relation to a property, means the value of the property determined in accordance with section 46 of the Act;

“multiple purposes”, in relation to property, means the use of a property for more than one purpose, and **“mixed use”** shall have a corresponding meaning;

“municipal council” or **“council”** means the municipal Council of George Municipality;

“municipality” means when referred thereto as—

- (a) an entity, George Municipality as a municipality described in Section 2 of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000), including a duly authorized official of George Municipality; and

- (a) ‘n liggaam van persone bestaande uit—
- (i) die inwoners van die munisipaliteit;
 - (ii) die belastingbetalers van die munisipaliteit;
 - (iii) enige burgerlike organisasies en nie-regerings-, privaatsektor- of arbeidsorganisasies of liggame wat betrokke is by plaaslike aangeleenthede binne die munisipaliteit; en
 - (iv) besoekers en ander persone woonagtig buite die munisipaliteit wat, as gevolg van hul teenwoordigheid in die munisipaliteit, gebruik maak van dienste of fasiliteite wat deur die munisipaliteit voorsien word;
- (b) sluit in, meer bepaald, die arm en ander benadeelde gedeeltes van sodanige groep persone;

“markwaarde”, met betrekking tot ‘n eiendom, die waarde van die eiendom soos vasgestel ingevolge artikel 46 van die Wet;

“meerdoelige doeleindes”, met betrekking tot ‘n eiendom, die gebruik van ‘n eiendom vir meer as een doel, en **“gemengde gebruik”** sal ‘n ooreenstemmende bedoeling hê;

“munisipale raad” of **“raad”** die munisipale raad van George Munisipaliteit;

“munisipaliteit” wanneer daarna verwys word as –

- (a) ‘n entiteit, George Munisipaliteit as ‘n munisipaliteit soos omskryf in artikel 2 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000), insluitende ‘n behoorlik gemagtigde amptenaar van George Munisipaliteit; en

(b) a geographical area, the area of jurisdiction of George Municipality as determined in terms of the Local Government: Municipal Demarcation Act, 1998 (Act No. 27 of 1998), and "**George Municipality**" shall have a corresponding meaning;

"municipal manager" means the person appointed as such in terms of section 82 of the Municipal Structures Act in respect of George Municipality;

"Municipal Finance Management Act", means the Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (Act No 56 of 2003);

"municipal properties" means properties –

- (a) registered in the name of the municipality in a deeds registry;
- (b) publicly controlled by the municipality; or
- (c) registrable in the name of the municipality at any time at the election of the Municipality due to an entitlement thereto, but excluding property held or controlled by the Municipality in a fiduciary or similar capacity, transferable to a third party at the election of such third party;

"Municipal Structures Act", means the Local Government : Municipal Structures Act, 1998 (Act No 117 of 1998);

"Municipal Systems Act", means the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act No 32 of 2000);

(b) 'n geografiese gebied, die gesagsgebied van George Munisipaliteit soos vasgestel ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Afbakening, 1998 (Wet Nr 27 van 1998), en "**George Munisipaliteit**" sal 'n ooreenstemmende betekenis hê;

"munisipale bestuurder" die persoon wat as sodanig aangestel is ingevolge artikel 82 van die Wet op Munisipale Strukture ten opsigte van George Munisipaliteit ;

"Wet op Munisipale Finansiële Bestuur", die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet Nr 56 van 2003) ;

"munisipale eiendom" eiendom –

- (a) geregistreer in die naam van die munisipaliteit in 'n akteskantoor;
- (b) onder openbare beheer van die munisipaliteit; of
- (c) registreerbaar in die naam van die munisipaliteit te eniger tyd ter keuse van die Munisipaliteit as gevolg van 'n reg daarop, maar uitgesluit eiendom wat deur die Munisipaliteit in 'n fidusiêre of soortgelyke hoedanigheid gehou of beheer word en aan 'n derde party oordraagbaar is ter keuse van so 'n derde party;

"Wet op Munisipale Strukture", beteken die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet Nr 117 van 1998);

"Wet op Munisipale Stelsels", beteken die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet Nr 32 van 2000);

"municipal valuer" or **"valuer of the municipality"**, means a person designated as a municipal valuer in terms of section 33(1) of the Act;

"newly rateable property" means any rateable property on which property rates were not levied before the end of the financial year preceding the date on which the Act took effect, excluding a property which was incorrectly omitted from a valuation roll and for that reason was not rated before that date and any other property identified as such in terms of the Act;

"occupier", in relation to a property, means a person in actual occupation of a property whether or not that person has a right to occupy the property;

"owner"—

- (a) in relation to property referred to in paragraph (a) of the definition of "property", means a person in whose name ownership of the property is registered;
- (b) in relation to a right referred to in paragraph (b) of the definition of "property", means a person in whose name the right is registered; or
- (c) in relation to a land tenure right referred to in paragraph (c) of the definition of "property", means a person in whose name the right is registered or to whom it was granted in terms of legislation; or
- (d) in relation to public service infrastructure referred to in paragraph (d) of the definition of "property", means the organ of state which

"munisipale waardeerder" of **"waardeerder van die munisipaliteit"**, beteken 'n persoon aangewys as waardeerder kragtens artikel 33(1) van die Wet;

"nuut belasbare eiendom" enige belasbare eiendom waarop eiendomsbelasting nie gehef is voor die einde van die finansiële jaar voorafgegaan deur die datum waarop die Wet in werking getree het nie, uitgesluit 'n eiendom wat foutiewelik weggelaat is van 'n waardasierol en wat om daardie rede voor daardie datum nie aangeslaan is nie en enige ander eiendom wat ingevolge die Wet as sodanig geïdentifiseer word;

"bewoner", met betrekking tot 'n eiendom, 'n persoon wat in werklikheid die eiendom okkupeer, ongeag of daardie persoon 'n reg het om die eiendom te okkupeer;

"eienaar"—

- (a) met betrekking tot 'n eiendom waarna in paragraaf (a) van die omskrywing van "eiendom" verwys word, 'n persoon in wie se naam eienaarskap van die eiendom geregistreer is;
- (b) met betrekking tot 'n reg waarna in paragraaf (b) van die omskrywing van "eiendom" verwys word, 'n persoon in wie se naam die reg geregistreer is; of
- (c) met betrekking tot 'n grondbesitreg waarna in paragraaf (c) van die omskrywing van "eiendom" verwys word, 'n persoon in wie se naam die reg geregistreer is of aan wie dit kragtens wetgewing toegestaan is; of
- (d) met betrekking tot openbare dienste infrastruktuur waarna in paragraaf (d) van die omskrywing van "eiendom" verwys word, die

<p>owns or controls that public service infrastructure as envisaged in the definition of "publicly controlled" in terms of the Act,</p> <p>provided that a person mentioned below may for the purposes of this Act be regarded by a municipality as the owner of a property in the following cases:</p> <p>(i) A trustee, in the case of a property in a trust excluding state trust land;</p> <p>(ii) an executor or administrator, in the case of a property in a deceased estate;</p> <p>(iii) a trustee or liquidator, in the case of a property in an insolvent estate or in liquidation;</p> <p>(iv) a judicial manager, in the case of a property in the estate of a person under judicial management;</p> <p>(v) a curator, in the case of a property in the estate of a person under curatorship;</p> <p>(vi) a person in whose name a usufruct or other personal servitude is registered in the case of a property that is subject to a usufruct or other personal servitude;</p> <p>(vii) a lessee, in the case of a property that is registered in the name of a municipality and is leased by it; or</p> <p>(viii) a buyer, in the case of a property that was sold and of which possession was given to the buyer pending registration of ownership in the name of the buyer;</p> <p>“permitted use”, in relation to a property, means the</p>	<p>staatsorgaan wat daardie openbare dienste infrastruktuur besit of beheer soos bedoel in die omskrywing van “openbaar beheerde” kragtens die Wet,</p> <p>onderhewig daaraan dat ‘n persoon hieronder vermeld vir doeleindes van die Wet in die volgende gevalle deur ‘n munisipaliteit as die eienaar van ‘n eiendom beskou kan word :</p> <p>(i) ‘n Trustee, in die geval van ‘n eiendom in ‘n trust, uitgesluit staats trustgrond;</p> <p>(ii) ‘n eksekuteur of administrateur, in die geval van ‘n bestorwe boedel;</p> <p>(iii) ‘n trustee of likwidateur, in die geval van ‘n eiendom in ‘n insolvente boedel of in likwidasie;</p> <p>(iv) ‘n geregtelike bestuurder, in die geval van ‘n eiendom in die boedel van ‘n persoon onder geregtelike bestuur;</p> <p>(v) ‘n kurator, in die geval van ‘n eiendom in die boedel van ‘n persoon onder kuratorskap;</p> <p>(vi) ‘n persoon in wie se naam ‘n vruggebruik of ander persoonlike serwituut geregistreer is, in die geval van ‘n eiendom wat onderworpe is aan ‘n vruggebruik of ander persoonlike serwituut;</p> <p>(vii) ‘n huurder, in die geval van ‘n eiendom wat in die naam van ‘n munisipaliteit geregistreer is en deur die munisipaliteit verhuur word; of</p> <p>(viii) ‘n koper, in die geval van ‘n eiendom wat verkoop is en waarvan die besitreg aan die koper gegee is hangende registrasie van eienaarskap in die naam van die koper;</p> <p>“toegelate gebruik”, met betrekking tot ‘n eiendom,</p>
---	---

<p>limited purposes for which the property may be used in terms of –</p> <p>(a) any restrictions imposed by –</p> <p>(i) a condition of title;</p> <p>(ii) a provision of a town planning or land use scheme; or</p> <p>(iii) any legislation applicable to any specific property or properties; or</p> <p>(iv) a servitude;</p> <p>(b) any alleviation of any such restrictions;</p> <p>“person”, includes an organ of state;</p> <p>“prescribe”, means prescribe by regulation in terms of section 83 of the Act;</p> <p>“private open space” means any land which is in private ownership used primarily as a private site for play, rest or recreation without financial gain;</p> <p>“property” means—</p> <p>(a) immovable property registered in the name of a person, including, in the case of a sectional title scheme, a sectional title unit registered in the name of a person;</p> <p>(b) a right registered against immovable property in the name of a person, excluding a mortgage bond registered against the property;</p> <p>(c) a land tenure right registered in the name of a person or granted to a person in terms of legislation; or</p> <p>(d) public service infrastructure;</p> <p>“property register” means a register of properties</p>	<p>die beperkte doeleindes waarvoor die eiendom aangewend mag word kragtens –</p> <p>(a) enige beperkings ingestel deur –</p> <p>(i) ‘n titelvoorwaarde;</p> <p>(ii) ‘n bepaling van ‘n stadsbeplanning of grondgebruik skema; of</p> <p>(iii) enige wetgewing van toepassing op enige bepaalde eiendom of eiendomme; of</p> <p>(iv) ‘n serwituut;</p> <p>(b) enige verligting van sodanige beperkings;</p> <p>“persoon”, sluit ‘n staatsorgaan in;</p> <p>“voorskrif”, by regulasie ingevolge artikel 83 van die Wet voorskryf;</p> <p>“privaat oopruimte” enige grond wat in privaatbesit is wat primêr gebruik word as privaat perseel vir speel, rus of ontspanning sonder finansiële gewin;</p> <p>“eiendom” —</p> <p>(a) onroerende eiendom geregistreer in die naam van ‘n persoon, insluitende, in die geval van ‘n deeltitel skema, ‘n deeltitel eenheid geregistreer in die naam van ‘n persoon;</p> <p>(b) ‘n reg geregistreer teen onroerende eiendom in die naam van ‘n persoon, uitgesluit ‘n verband geregistreer teen ‘n eiendom;</p> <p>(c) ‘n grondbesitreg geregistreer in die naam van ‘n persoon of toegestaan aan ‘n persoon kragtens wetgewing; of</p> <p>(d) openbare dienste infrastruktuur;</p> <p>“eiendomsregister” ‘n register van eiendomme</p>
---	--

<p>referred to in section 23 of the Act;</p> <p>“protected area” means an area that is or has to be listed in the register referred to in section 10 of the National Environmental Management: Protected Areas Act, 2003 (Act No 57 of 2003);</p> <p>“public benefit organisations” means organisations approved in terms of section 30(3) of the Income Tax Act;</p> <p>“public open space” means land owned by the municipality, which is not leased on a long term basis, and which is set aside for the public as open area;</p> <p>“public service infrastructure” means publicly controlled infrastructure of the following kinds:</p> <p>(a) national, provincial or other public roads on which goods, services of labour move across a municipal boundary;</p> <p>(b) water or sewer pipes, ducts or other conduits, dams and water supply reservoirs, water treatment plants or water pumps forming part of a water or sewer scheme serving the public;</p> <p>(c) power stations, power substations or power lines forming part of an electricity scheme serving the public;</p> <p>(d) gas or liquid fuel plants or refineries or pipelines for gas or liquid fuels forming part of a scheme for transporting such fuels;</p> <p>(e) railway lines forming part of a national railway</p>	<p>bedoel in artikel 23 van die Wet;</p> <p>“beskermdde area” ‘n gebied wat aangeteken is of aangeteken moet word in die register bedoel in artikel 10 van die “National Environmental Management: Protected Areas Act”, 2003 (Wet Nr 57 van 2003) ;</p> <p>“openbare weldaadsorganisasies” organisasies soos goedgekeur ingevolge artikel 30(3) van die Inkomstebelastingwet;</p> <p>“openbare oopruimte” grond wat deur die munisipaliteit besit word, wat nie op ‘n langtermynbasis verhuur word nie, en wat vir die publiek afgesonder is as oopruimte;</p> <p>“openbare dienste infrastruktuur” openbaar-beheerde infrastruktuur van die volgende aard:</p> <p>(a) nasionale, provinsiale of ander openbare paaie waarop goedere, dienste of arbeid oor ‘n munisipale grens vervoer word;</p> <p>(b) water- of rioolpype, kanale of ander geleiers, damme en watervoorsieningsreservoirs, watersuiweringswerke of waterpompe wat deel vorm van ‘n water- of rioolskema wat die publiek bedien;</p> <p>(c) kragstasies, kragsubstasies of kraglyne wat deel vorm van ‘n elektrisiteit skema wat die publiek bedien;</p> <p>(d) gas of vloeibare brandstof aanlegte of raffinaderye of pyplyne vir gas en vloeibare brandstof wat deel vorm van ‘n skema vir die vervoer van sodanige brandstof;</p> <p>(e) spoorlyne wat deel vorm van ‘n nasionale</p>
---	---

<p>system;</p> <p>(f) communication towers, masts, exchanges or lines forming part of a communication system serving the public;</p> <p>(g) runways or aprons at national or provincial airports;</p> <p>(h) breakwaters, sea walls, channels, basins, quay walls, jetties, roads, railway or infrastructure used for the provision of water, lights, power, sewerage or similar services of ports, or navigational aids comprising any device or system used to assist the safe and efficient navigation of vessels;</p> <p>(i) any other publicly controlled infrastructure as may be prescribed; or</p> <p>(j) a right registered against immovable property in connection with infrastructure mentioned in paragraphs (a) to (i).</p> <p>“rate” means a municipal rate on property envisaged in section 229(1)(a) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 (Act No 108 of 1996);</p> <p>“ratepayer” means a person who is liable, in terms of the Act, for the payment of rates on property levied by the municipality;</p> <p>“rateable property” means property on which the municipality may in terms of section 2 of the Act levy a rate, excluding property fully excluded from the levying of rates in terms of section 17 of the Act;</p>	<p>spoorwegstelsel;</p> <p>(f) kommunikasietorings, maste, uitbreidings van lyne wat deel vorm van ‘n kommunikasiestelsel wat die publiek bedien;</p> <p>(g) aanloopbane of aansitblaaie te nasionale of provinsiale lughawens;</p> <p>(h) breekwaters, seemure, kanale, opvanggebiede, kaaimure, hawe hoofde, paaie, spoorlyne of infrastruktuur wat gebruik word vir die voorsiening van water, ligte, krag, riool of soortgelyke dienste van hawens, of navigasie hulpmiddels wat bestaan uit enige toestel of stelsel wat aangewend word om die veilige en effektiewe navigasie van vaartuie te ondersteun;</p> <p>(i) enige ander openbaar-beheerde infrastruktuur soos voorgeskryf mag word; of</p> <p>(j) ‘n reg wat teen onroerende eiendom geregistreer is in verband met infrastruktuur soos genoem in paragrawe (a) tot (i).</p> <p>“belasting” ‘n munisipale belasting op eiendom soos beoog in artikel 229(1)(a) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet Nr 108 van 1996);</p> <p>“belastingbetaler” ‘n persoon wat ingevolge die Wet aanspreeklik is vir die betaling van belasting op ‘n eiendom soos gehef deur die munisipaliteit;</p> <p>“belasbare eiendom” eiendom waarop die munisipaliteit ingevolge artikel 2 van die Wet ‘n belasting mag hef, uitgesluit eiendom wat ingevolge artikel 17 van die Wet algeheel uitgesluit is van die heffing van belasting;</p>
--	---

“rebate”, in relation to a rate payable on a property, means a discount on the amount of the rate payable on the property;

“reduction”, in relation to a rate payable on a property, means the lowering of the amount for which the property was valued and the rating of the property at that lower amount;

“residential”, in relation to property, means a property having a suite of rooms which forms a living unit that is exclusively used for human habitation purposes or a multiple number of such units, but does not include a hotel, commune, accommodation establishment, guesthouse, boarding or lodging undertaking, hostel or suchlike properties;

“residential property” means a property included in a valuation roll in terms of section 48(2)(b) of the Act as residential;

“Sectional Titles Act”, means the Sectional Titles Act, 1986 (Act No 95 of 1986);

“sectional title scheme”, means a scheme defined in section 1 of the Sectional Titles Act;

“sectional title unit”, means a unit defined in section 1 of the Sectional Titles Act;

“specified public benefit activity” means an activity listed in item 1 (welfare and humanitarian), item 2 (health care), item 3 (land and housing), item 4 (education and development), item 6 (cultural), item 7 (conservation, environment and animal welfare) and item 9 (sport) of Part I of the Ninth Schedule to the Income Tax Act;

“korting”, met betrekking tot belasting betaalbaar op ‘n eiendom, ‘n afslag op die bedrag van die belasting betaalbaar op die eiendom;

“vermindering”, met betrekking tot belasting betaalbaar op ‘n eiendom, die verlaging van die bedrag waarvoor die eiendom gewaardeer is en die heffing van die belasting op die eiendom teen daardie verminderde bedrag;

“residensiël”, met betrekking tot eiendom, ‘n eiendom wat ‘n stel kamers het wat deel vorm van ‘n leefeenheid wat uitsluitlik gebruik word vir menslike bewoningsdoeleindes of ‘n meerdere aantal sulke eenhede, maar sluit nie in ‘n hotel, kommune, akkommodasie onderneming, gastehuis, losies- en herbergonderneming, koshuis of soortgelyke eiendomme nie;

“residensiële eiendom” ‘n eiendom wat in ‘n waardasierol as residensiël ingesluit is ingevolge artikel 48(2)(b) van die Wet;

“Wet op Deeltitels” die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet Nr 95 van 1986);

“deeltitel skema” ‘n skema soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Deeltitels;

“deeltitel eenheid” ‘n eenheid soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Deeltitels;

“gespesifiseerde openbare weldaadsaktiwiteit” ‘n aktiwiteit soos gelys in item 1 (welsyn en humanitêr), item 2 (gesondheidsorg), item 3 (grond en behuising), item 4 (onderwys en ontwikkeling), item 6 (kultureel), item 7 (bewaring, omgewing en dierewelsyn) en item 9 (sport) van Deel 1 van die Negende Bylae tot die Inkomstebelastingwet;

“**state-owned properties**” means properties owned by the State, which are not included in the definition of public service infrastructure in the Act;

“**the Act**” means the Local Government : Municipal Property Rates Act, 2004 (Act No. 6 of 2004);

“**unimproved property**” means property on which no immovable improvements have been erected : Provided that improvements for the supply of water, electricity, sewer and suchlike services to the property and negligible improvements shall be disregarded for purposes of determining whether or not property is unimproved;

“**urban conservation area**” means an area defined in the relevant Zoning Scheme Regulations as a “Conservation Area”, the aim of which is to retain the unique character or the aesthetical sensitive areas of the George Municipality by the control of building design and building lines in the case of new buildings or erven not built upon and also in the case of existing buildings to be replaced, altered or extended.

(2) Words and expressions to which a meaning has been assigned in the Act shall bear the same meaning in this policy.

(3) In this policy, a word or expression derived from a word or expression defined in subsection (1) shall have a corresponding meaning unless the context indicates that another meaning is intended.

3. PURPOSE OF THE POLICY

(1) The purposes of the policy are:-

“**staatseiendomme**” eiendomme wat deur die Staat besit word, wat nie ingesluit is onder die omskrywing van openbare dienste infrastruktuur in die Wet nie;

“**die Wet**” die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 (Wet Nr 6 van 2004).

“**onverbeterde eiendom**” eiendom waarop geen onroerende verbetering aangebring is nie onderhewig daaraan dat verbeterings vir die voorsiening van water, elektrisiteit, riool en soortgelyke dienste aan die eiendom en ignoreerbare verbeterings buite rekening gelaat word vir die doeleindes van vasstelling of die eiendom onverbeter is aldan nie;

“**stedelike bewaringsgebied**” ‘n gebied omskryf in die tersaaklike Soneringskema Regulasies as ‘n “Bewaringsgebied”, waarvan die doel is om die unieke karakter of die esteties sensitiewe gebiede van die George Munisipaliteit te behou deur die beheer van gebou-ontwerp en boulyne in die geval van nuwe geboue of erwe waarop nog nie gebou is nie en ook in die geval van bestaande geboue wat vervang, verander of uitgebrei word.

(2) Woorde en uitdrukkings waaraan ‘n betekenis in die Wet toegeken is, sal dieselfde betekenis in hierdie beleid hê.

(3) In hierdie beleid het ‘n woord of uitdrukking wat afgelei word van ‘n woord of uitdrukking wat in sub-artikel (1) omskryf word, ‘n ooreenstemmende betekenis tensy ‘n ander bedoeling uit die samehang blyk.

3. DOEL VAN DIE BELEID

(1) Die doelwitte van die beleid is:-

<p>(a) to comply with the provisions section 3 of the Act;</p> <p>(b) to determine criteria to be applied for-</p> <p>(i) the levying of differential rates for different categories of properties;</p> <p>(ii) exemptions;</p> <p>(iii) reductions and rebates; and</p> <p>(iv) rate increases;</p> <p>(c) to determine or provide criteria for the determination of –</p> <p>(i) categories of properties for the purpose of levying different rates; and</p> <p>(ii) categories of owners of properties for categories of properties, for the purpose for the granting of exemptions, rebates and reductions;</p> <p>(d) to determine how the municipality’s powers must be exercised in relation to multi-purpose properties;</p> <p>(e) to identify and quantify to the municipality in terms of cost and benefit to the community-</p> <p>(i) exemptions, rebates and reductions;</p> <p>(ii) exclusions; and</p> <p>(iii) rates on properties that must be phased in;</p> <p>(f) to take into account the effect of rates on the poor;</p> <p>(g) to take into account the effect of rates on organisations conducting public benefit</p>	<p>(a) om te voldoen aan die bepalings van artikel 3 van die Wet;</p> <p>(b) om die kriteria vas te stel om toegepas te word op-</p> <p>(i) die hef van gedifferensieerde belasting vir verskillende kategorieë van eiendomme;</p> <p>(ii) vrystellings;</p> <p>(iii) vermindering en kortings; en</p> <p>(iv) tarief verhogings;</p> <p>(c) om kriteria vas te stel of te voorsien vir die vasstelling van –</p> <p>(i) kategorieë van eiendomme vir die doel om verskillende belasting tariewe te hef; en</p> <p>(ii) kategorieë van eienaars van eiendomme vir kategorieë van eiendomme vir die doel van toekenning van vrystellings, kortings en vermindering;</p> <p>(d) om vas te stel hoe die munisipaliteit se magte uitgeoefen moet word met betrekking tot meerdoelige eiendomme;</p> <p>(e) om vir die munisipaliteit in terme van koste en voordele vir die gemeenskap -</p> <p>(i) vrystellings, kortings en vermindering;</p> <p>(ii) uitsluitings; en</p> <p>(iii) tariewe op eiendomme wat ingefasseer moet word, te identifiseer en te kwantifiseer;</p> <p>(f) om die uitwerking van eiendomsbelasting op hulpbehoewendes in berekening te bring;</p> <p>(g) om die uitwerking van eiendomsbelasting op organisasies wat openbare</p>
--	---

<p>activities;</p> <p>(h) to take into account the effect of rates on public service infrastructure;</p> <p>(i) to determine measures to promote local economic and social development; and</p> <p>(j) to identify all rateable property that is not rated.</p>	<p>weladaasaktiwiteite verrig in berekening te bring;</p> <p>(h) om die uitwerking van eiendomsbelasting op openbare dienste infrastruktuur in berekening te bring;</p> <p>(i) om maatreëls vir die bevordering van plaaslike ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling vas te stel; en</p> <p>(j) om alle belasbare eiendom wat nie belas word nie, te identifiseer.</p>
<p>4. POLICY PRINCIPLES</p>	<p>4. BELEIDSBEGINSELS</p>
<p>4.1 EQUITY</p>	<p>4.1 BILLIKHEID</p>
<p>(1) The municipality subscribes to the principle of equitable property rates dispensation within its area of jurisdiction. Each ratepayer must be taxed fairly relative to other ratepayers. Ratepayers in similar circumstances will pay similar rates.</p> <p>(2) The municipality accepts that –</p> <p>(a) the effect of rates on the poor has to be taken into account and appropriate measures to alleviate the rates burden on them are necessary;</p> <p>(b) the effect of rates on public benefit organisations have to be taken into account;</p> <p>(c) the effect of rates on public service infrastructure has to be taken into account;</p>	<p>(1) Die munisipaliteit onderskryf die beginsel van 'n billike eiendomsbelasting bedeling binne sy jurisduksie/gebied. Elke belastingbetaler moet in verhouding tot ander belastingbetalers regverdig belas word. Belastingbetalers in gelyksoortige omstandighede sal gelyksoortige belastings betaal.</p> <p>(2) Die munisipaliteit aanvaar dat –</p> <p>(a) die uitwerking van eiendomsbelasting op hulpbehoewendes in ag geneem moet word en dat toepaslike maatreëls om die las van belasting op hulle te verlig, nodig is;</p> <p>(b) die uitwerking van eiendomsbelasting op openbare weldaads-organisasies in ag geneem moet word;</p> <p>(c) die uitwerking van eiendomsbelasting op openbare dienste infrastruktuur in ag geneem moet word;</p>

(d) measures have to be taken to promote local, social and economic development within the area of jurisdiction of the municipality;

(e) all deviations from a uniform rate in respect of all categories of owners of properties must be fair and equitable.

4.2 AFFORDABILITY

In considering affordability, the total municipal services account and not only the rates account will be considered. The municipality will not increase the property rates by more than what may from time to time be reasonably necessary.

4.3 LIMITATION OF RATES INCREASES

The council shall, in imposing the rates for each financial year, take cognisance of the aggregate burden of rates and service charges on property owners in the various categories of property ownership.

5. CATEGORIES OF PROPERTY

(1) Properties will be categorised as follows :

(a) Residential properties.

(b) Industrial properties.

(c) Business properties. (includes all kinds of businesses unless another category is more appropriate).

(d) Accommodation establishments.

(d) maatreëls ingestel moet word om plaaslike, maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling binne die jurisdiksiegebied van die munisipaliteit te bevorder;

(e) alle afwykings vanaf 'n eenvormige tarief ten opsigte van alle kategorieë van eienaars van eiendomme regverdig en billik moet wees.

4.2 BEKOSTIGBAARHEID

By die oorweging van bekostigbaarheid sal die totale munisipale dienste rekening en nie slegs die belasting rekening nie, oorweeg word. Die munisipaliteit sal nie die eiendomsbelasting verhoog met meer as wat van tyd tot tyd redelikerwys nodig mag wees nie.

4.3 BEPERKING VAN TARIEF VERHOGINGS

Die raad sal, met die instel van tariewe vir elke finansiële jaar, kennis neem van die somtotaal van die las van belasting en dienste kostes op eienaars van eiendomme in die verskillende kategorieë van eiendomseienaarskap.

5. KATEGORIEË VAN EIENDOM

(1) Eiendomme sal as volg gekategoriseer word :

(a) Residensiële eiendomme.

(b) Industriële eiendomme.

(c) Sake eiendomme. (sluit alle soorte sake in behalwe indien 'n ander kategorie meer toepaslik sou wees)

(d) Akkommodasie ondernemings.

<p>(e) Agriculture properties used for-</p> <p>(i) agricultural purposes;</p> <p>(ii) business purposes;</p> <p>(iii) residential purposes;</p> <p>(iv) eco-tourism or conservation; or</p> <p>(v) trading in or hunting of game.</p> <p>(f) Farm properties not used for any identified purpose ;</p> <p>(g) State-owned properties used to –</p> <p>(i) provide local services;</p> <p>(ii) provide provincial / national services.</p> <p>(h) Municipal properties.</p> <p>(i) Public service infrastructure.</p> <p>(j) Public open spaces.</p> <p>(k) Private open spaces.</p> <p>(l) Formal and informal settlements.</p> <p>(m) Communal land as defined in the Communal Land Rights Act, 2004 (Act No 11 of 2004).</p> <p>(n) State trust land.</p> <p>(o) Properties-</p> <p>(i) acquired through the Provision of Land and Assistance Act, 1993 (Act No 126 of 1993) or the Restitution of Land Rights Act, 1994 (Act No 22 of 1994); or</p>	<p>(e) Landbou eiendomme gebruik vir-</p> <p>(i) landbou doeleindes;</p> <p>(ii) sake doeleindes;</p> <p>(iii) residensiële doeleindes;</p> <p>(iv) eko-toerisme of bewaring; of</p> <p>(v) wild- of jagbedryf.</p> <p>(f) Plaaseiendomme wat nie vir enige spesifieke doel gebruik word nie;</p> <p>(g) Staatseiendomme gebruik vir –</p> <p>(i) voorsiening van plaaslike dienste;</p> <p>(ii) voorsiening van provinsiale / nasionale dienste.</p> <p>(h) Munisipale eiendomme;</p> <p>(i) Openbare dienste infrastruktuur;</p> <p>(j) Openbare oopruimtes;</p> <p>(k) Privaat oopruimtes;</p> <p>(l) Formele en informele nedersettings.</p> <p>(m) Gemeenskaplike grond soos omskryf in die “Communal Land Rights Act”, 2004 (Wet Nr 11 van 2004);</p> <p>(n) Staatstrustgrond.</p> <p>(o) Eiendomme-</p> <p>(i) verkry deur die Wet op die Beskikbaarstelling van Grond en Bystand, 1993 (Wet Nr 126 van 1993) of die Wet op Herstel van Grondregte, 1994 (Wet Nr 22 van 1994); of</p>
--	--

<p>(ii) subject to the Communal Property Associations Act, 1996 (Act No 28 of 1996).</p> <p>(p) Protected areas.</p> <p>(q) Properties on which national monuments are proclaimed.</p> <p>(r) Properties owned by public benefit organisations used for public benefit activities in terms of the Ninth Schedule to the Income Tax Act.</p> <p>(s) Properties used for multiple purposes.</p> <p>(t) Urban conservation areas.</p> <p>(u) Developed non-urban land.</p> <p>(v) Unimproved properties.</p> <p>(2) For all agricultural properties with mixed use, allocations shall be used to allocate the market value to the different portions and to rate the portions accordingly.</p> <p>(3) Agricultural properties that are not used for bona fide farming, but are predominantly used as residential properties will be categorised as “residential”, provided that they meet the definition of a residential property as described in this policy.</p> <p>(4) Farms used predominantly for commercial or industrial purposes (such as truck depots, construction yards or factories) shall not qualify for any rebates or reductions.</p>	<p>(ii) onderhewig aan die Wet op Vereniging vir Gemeenskaplike Eiendom, 1996 (Wet Nr 28 van 1996).</p> <p>(p) Beskermdede gebiede.</p> <p>(q) Eiendomme waarop nasionale monumente geproklameer is.</p> <p>(r) Eiendomme in besit van openbare weldaadsorganisasies wat gebruik word vir openbare weldaadsaktiwiteite ingevolge die Negende Bylae tot die Inkomstebelastingwet.</p> <p>(s) Eiendomme gebruik vir meerdoelige doeleindes.</p> <p>(t) Stedelike bewaringsgebiede.</p> <p>(u) Ontwikkelde nie-stedelike grond.</p> <p>(vi) Onverbeterde eiendomme.</p> <p>(2) Vir alle landbou eiendomme met gemengde gebruik sal toedelings gebruik word om die markwaarde aan die verskillende gedeeltes toe te wys en die gedeeltes dienooreenkomstig te belas.</p> <p>(3) Landbou eiendomme wat nie vir bona fide boerdery gebruik word nie, maar hoofsaaklik as residensiële eiendomme gebruik word, sal as “residensiël” gekategoriseer word onderhewig daaraan dat hulle voldoen aan die omskrywing van ‘n residensiële eiendom soos omskryf in hierdie beleid.</p> <p>(4) Plase wat hoofsaaklik vir sake- of industriële doeleindes (soos vragmotor depots, konstruksiepersele of fabriek) gebruik word, sal nie vir kortings of verminderings</p>
---	--

- (5) Should any doubt arise regarding the category to which a particular property or group of properties belong, the Council or a person or persons designated by the Council shall, after having considered representations by the person or persons having a direct interest in the property or properties, determine the category to which the property or properties concerned belong.

6. CATEGORIES OF OWNERS

- (1) For the purpose of this policy and in terms of section 15(2) of the Act the following categories of owners will be recognised :

- (a) indigent owners;
- (b) owners dependent on pensions or social grants for their livelihood;
